

## Sondag 29 September

**Skrifgedeelte: Romeine 16:25-27**

**Fokusgedeelte: Romeine 16:25**

### **Verkondig die geheim!**

Paulus praat aan die einde van sy brief aan die Romeine van 'n besondere geheim. Hy praat van iets wat eeue lank geheim gebly het en toe bekend geword het. Die geheim waarvan hy praat, noem hy evangelie, die goeie nuus. Die geheim van verlossing is dat Jesus Christus in die wêreld mens geword en vir die mens se sondes gesterf het. Almal wat dit glo, kry deel aan die ewige lewe.

Aanvanklik was die geheim nie bekend nie. Dit was daar, altyd nog, maar dit was verborge, toegedraai in die beloftes van God. Die profete het die beloftes wakker gehou. Deur hulle is meer en meer van die geheimenis bekend gemaak. Die geheimenis word eintlik al in die geskrifte van die profete bekend gemaak. Vanuit die Nuwe Testament kan ons dit nou nog duideliker sien.

Paulus noem dat hierdie geheim nou bekend geword het. Dit wat beloftes in die Ou Testament was, het skielik 'n werklikheid geword. Jesus Christus, die Seun van God, is gebore. Sy koms kondig 'n nuwe bedeling aan. Deur sy lewe heen sou die geheim ontvou totdat dit heeltemal duidelik geword het. Hy moes mens word, en Hy moes aan die kruis sterf om ons van ons sondes te verlos. Hy het opgestaan en opgevaar na die hemel. Almal wat in Hom glo, sal gered word.

Noudat jy weet wat die geheim is, naamlik dat jy deur die geloof in Jesus Christus gered word, staan dan vas in die wete dat jy verlos is. Glo die evangelie. Lewe in gehoorsaamheid aan God en loof sy naam. Proklameer die goeie nuus. Ontbloot die evangelie ook aan ander mense sodat hulle kan deel in wat jy ontvang het. Sodat hulle ook kan glo en gehoorsaam kan wees. Sodat hulle ook kan saamsing van die geboorte van Jesus Christus. Sodat hulle ook die heerlikheid kan bring aan die enigste en alwyse God tot in ewigheid.

*Sing: Psalm 103-1:1*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*